

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

63.33 DE WAAR
BRITZ
KHOZA.
MASETHLA.
MRELE.

CASE NUMBER CC.431/77.

PRETORIA,
17th FEBRUARY, 1978.

THE STATE VERSUS:

MOSIMA GABRIEL SEXWALE AND
ELEVEN OTHERS.

VOLUME 33

(Pages 1531 - 1575).

DIE HOF HERVAT OP DIE 17e FEBRUARIE 1978.

DEUR DIE HOF: Mnr. Van Pittius, voor ons verder aangaan met die getuie, gister u weet toe ek hier uit my kop uit so 'n opsomming gegee het wat ons alles aan die voertuig gesien het, het ek gesê dat die voertuig verskil in drie opsigte van die voertuig wat daar ter sprake is, maar ons moet seker formele getuienis kry, want ek is wat die - ek kan nie sy naam onthou nie, ek dink Van Antwerpen vir ons gesê het, tensy die Verdediging dit aanneem as so, anders sal daar moet formele getuienis wees om daardie voertuig as sulks te (10) identifiseer.

MNR. VAN PITTIUS: Ek is seker 'n mens kan 'n ooreenkoms bereik in daardie opsig. Ek sien my geleerde vriende dui aan dat dit erken word.

VERDERE BESPREKING WORD GEVOER IN HIERDIE VERBAND.

MNR. VAN PITTIUS: U Edele, ek wil net meld daar is weer, omdat u aangedui het u wil vir konstabel Brits en sersant Khoza weer vandag hê, ons het hulle gekry weer, hulle is hier beskikbaar en daar is gereël dat indien u die voertuig weer wou sien met hulle twee ook, is daar gereël dat die voertuig (20) ook hier sal wees.

DEUR DIE HOF: Wel, ek sien dit staan hier agter in die reën. Wel, ons sal sien as hulle kom.

- - - - -

JOHANNES LOUIS DE WAAL (Nog onder eed)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. KUNY (Vervolg): Luitenant, ons was gister besig met die kwessie van die ondervraging van no.11 beskuldigde en wat jy aan hom gestel het, om die inligting wat jy aan hom gestel het? --- Ja.

Nou daar is nog sekere passasies van die vorige rekord (30) wat ek aan jou wil stel. Op bladsy 2270, U Edele, was die volgende /...

volgende vrae gevra en hierdie was jou antwoorde. Die vraag is: "Maar u het hom uitgevra", en u antwoord: "Ja, ek het hom uitgevra na die blik". - Dit is onder kruisverhoor? --- Ja, U Edele.

Jou antwoord was: "Ja, ek het hom uitgevra na die blik". Die volgende vraag: "En spesifiek in verband met die blik wat in die waenhuis was", antwoord: "Dit is korrek. Vraag: "En hy het kennis daarvan ontken", antwoord: "Aanvanklik". - Kan jy onthou dat jy daardie getuienis gegee het? --- Ek kan dit onthou. (10)

En dat jy net melding van die blik gemaak het in jou getuienis? --- Dit is korrek.

Geen melding van vuurwapens nie? --- Nie van die inhoud nie maar net die blik.

Net die blik? --- Ja.

En dan verder op dieselfde bladsy is hierdie die vrae wat gevra is, en jou antwoorde daarop. "En u het hom vertel dat beskuldigde no. 3 erken het dat hy die blik in die waenhuis gesit het", antwoord: "Ek het sekere inligting aan hom beskikbaar gestel". Vraag: "En u het hom ook verwittig dat u met sy vrou gepraat het en dat sy ontken het dat die blik verwyder is of dat sy weet daarvan", antwoord: "Dit is korrek". "En u sê dat u hom gevra het om na die huis te gaan om met sy vrou te praat", antwoord: "Om die punt waar die blik versteek sou gewees het, om die punt wat deur 'n vorige - deur een van die beskuldigdes uitgewys is aan my uit te wys sodat ek die storie kon bevestig". - U onthou daardie getuienis? --- Dit is korrek.

En weer stel ek dit aan jou is daar net melding van die blik? --- (Geen antwoord hoorbaar).

DEUR DIE HOF: U moet maar net praat anders gaan dit nie op (30) die/...

die masjien nie. — Seker, U Edele.

MNR. KUNY: En op die volgende bladsy, 2271, U Edele, vraag: "Maar hy sê dat u hom gevra het om met sy vrou te gaan praat, dit was die doel van die besoek", antwoord: "Die vermoede het op daardie stadium bestaan dat die blik wel in daardie waen- huis versteek was, en dat dit na sy arrestasie verwyder sou gewees het, en die persoon wat dit mees logies verduidelik het of kon verduidelik het was sy vrou". Vraag: "En hy het saamgestem om saam te gaan en met sy vrou te praat", antwoord: "Dit is korrek". "En hy het met sy vrou gepraat?" — "Hy het met sy vrou gepraat". Vraag: "Dit is daarna dat hy melding van One Night gemaak het", antwoord: "Dit is korrek". — Volstaan jy by daardie getuienis? — Ek volstaan daarby, daar is net een punt wat vir my 'n bietjie onduidelik is, dit is die antwoord "sy" in die laaste sin wat gebruik is, dat "sy" melding gemaak het van One Night.

Ja, ek dink dit is miskien 'n tikfout, want u het vantevoren gesê dit is hy wat melding gemaak het? — Ek dink dit is korrek so gestel, daarna dat hy melding gemaak het van One Night.

DEUR DIE HOF: Beskuldigde no.11? — Dit is korrek.

MNR. KUNY: Ja, ek dink dit is hoe ons dit verstaan, dat hy melding daarvan gemaak het nadat hy met sy vrou gepraat het? — Dit is korrek.

En ek gaan nou net 'n nietjie terug na bladsy 2269, my geleerde vriend mnr. Chaskalson het u gevra: "U het seker die gedagte gehad dat hy met sy vrou kan praat en miskien inligting van haar inwin", antwoord: "Tot die effek van wie dit moontlik kon verwyder het en so aan". Vraag: "Ja", antwoord "Dit is korrek.". "Ja, dit is die rede waarom u besluit het om hom te gaan haal", antwoord: "Dit is korrek". — Dit is korrek, /...

korrek, U Edele,

Ja, so ons het hierdie prent dan, luitenant, dat daardie aand het julle vir 'n sekere blik bevattende vuurwapens gesoek?

--- Dit is korrek.

No.3 het 'n sekere plek in die waenhuis uitgewys as die plek waar hy daardie blik sou gesit het? --- Dit is korrek.

Die blik was nie daar nie? --- Die blik was nie daar nie, met die eerste keer wat ons die waenhuis deursoek het nie.

En no.11 se vrou het ontken dat sy enige kennis daarvan dra? --- Dit is korrek. (10)

En alhoewel julle haar in daardie verband ondervra het, het sy dit ontken? --- Dit is korrek.

En om daardie rede het julle besluit om no.11 te gaan haal om met haar te praat? --- Dit is soos wat dit was.

En dit het julle gedoen? --- Ons het dit ook gedoen.

Op John Vorster Plein voordat julle terug Alexandra Township toe gegaan het, het hy ontken dat hy enige kennis van die blik dra? --- Dit is reg.

En hy het volstaan by daardie ontkenning? --- Dit is korrek, U Edele. (20)

Julle het toe na sy huis gery? --- Dit is korrek.

En jy sê toe julle by die huis kom het hy iets erken? --- Dit is korrek.

Waar was hy gewees toe hy daardie erkenning gemaak het? --- Hy was saam met my gewees in my voertuig, die voertuig wat ek soontoe bestuur het.

Nog in die voertuig? --- Ja.

Wanneer wasdit gewees, toe julle daar gestop het of vir 'n tyd daar gesit het of wat? --- Dit was - ek kan nie sê dit was onmiddellik met die stilhou daarna nie, maar 'n minuut(3 of wat nadat ons daar stilgehou het. Wel, 'n kort rukkie in

elk geval.

Maar die doel van julle besoek na no.11 se huis op daardie stadium was nie om 'n erkenning van no.11 te kry nie, dit was sodat hy met sy vrou kon praat? — Dit is korrek.

Daar was niks wat tussen John Vorster Plein en Alexandra Township gebeur het wat hom sal sy besluit verander om nou te erken wat hy vantevore ontken het? — Niks wat vir my belangrik was nie.

Hy het net uit sy eie besluit om nou te erken dat hy van daardie voorwerpe of blik of wat dit was weet? — Dit is(10) korrek.

Jy het hom nie op daardie stadium ondervra nie? — Nee, die doel was om met sy vrou te gaan praat, want na sy arrestasie was sy vrou in beheer van sy perseël gewees, asook in beheer van die waenhuis wat ons toe vroeër die aand deursoek het, die waenhuis waarin beskuldigde no.11 se voertuig gestaan het. Met die eerste aankoms by die huis het ek by die vrou wat by hom ingewoon het die sleutels van die waenhuis gekry, en ek het agtergekom dat sy van die tyd van beskuldigde no.11 se arrestasie in volle beheer was van die waenhuis(2) in die sin dat sy die sleutel gehad het. So U Edele, die logiese afleiding wat ek gemaak het is dat sy dus die enigste persoon was of die mees logiese persoon was wat toegang tot die waenhuis gehad het as gevolg van die feit dat sy die sleutels gedra het. En daarom het ek besluit om vir beskuldigde no.11 terug te neem na die perseël sodat hy met die vrou wat by hom ingewoon het kon gesels het, om moontlik vir haar - die storie uit haar kon uitkry want daar is gister gesê dat die moontlikheid het bestaan dat sy vir ons kon gejoj het toe ons die eerste keer met haar gesels het, toe (30) sy ontken het dat sy van die goed wat in haar waenhuis versteek was, /...

steek was, op daardie perseël, dat sy nie geweet het daarvan nie.

Ja, en dit is logies dat toe julle daar aangekom het, toe sou jy haar gaan roep om met no.11 te kom praat? — Dit is korrek.

En dit is wat jy gedoen het? — Eers later.

Nou hoekom later, hoekom nie onmiddellik nie? Want dit was die doel van die besoek? — Omdat 'n kort rukkie nadat ons daar stilgehou het het beskuldigde no.11 gesê dat hy eerder oop kaarte sal speel en hy het 'n sekere rapport aan my ge- (10) maak as gevolg waarvan ek weer die waenhuis oopgesluit het en hy 'n punt aan ons uitgewys het.

Maar kan jy miskien verduidelik hoekom, as die doel van die besoek was dat hy met sy vrou kom praat, dat jy nie onmiddellik na julle aankoms haar gaan roep het om met hom te kom praat nie? — U Edele, ek het 'n beskuldigde persoon in my voertuig gehad, dit was beskuldigde no.11 wat op daardie tydstip onder arres was, met ander woorde indien hy sou ontsnap het sou daar probleme gewees het en die probleem sal na my kant toe gekom het. In die ander voertuig van sersant (20) Zeelie was daar ook 'n beskuldigde, 'n persoon wie in aanhouding was en dit was beskuldigde no.3 gewees. Daar moes dus onderling reëlings getref gewees het van wie watter persone sou oppas terwyl ek met die vrou praat. Sersant Zeelie en sersant Cox het by my kom verneem eers hoe gaan ons die storie benader, wie gaan waar bly en so aan, en dit is waar die tydsverloop heen was, met die skik van die onderlinge reëlings van hoe ons die persone sou oppas. Dit was nie 'n kwessie van 'n halfuur of 'n kwartier of so nie, dit was soos ek gesê het 'n baie kort rukkie. (30)

En waar was no.3 op daardie stadium toe hulle by jou motor /...

motor aangekom het? — Die voertuig van sersant Zeelie was 'n kort endjie van myne af gewees en ... (tussenbei).

Ja, en no.3 het nog in die kar gesit of het hulle hom saam met hulle geneem? — Nee, hy het nog in die kar gesit, hy was egter geboei op daardie stadium, maar ek aanvaar dat hulle hom te alle tye onder sig gehou het.

Ja, maar no.11 was ook geboei? — Ja, dit is korrek.

So daar was geen moontlikheid dat hy kon ontsnap nie? — Dit het al in die verlede gebeur dat persone wat geboei was ontsnap het. (10)

En daar was geen rede waarom jy hom nie saam met jou sou neem na sy vrou nie? — Daar was geen rede gewees waarom ek hom nie kon saamneem nie.

Wel, wat was die moeilikheid dan, wat moes julle besluit? — Wat sersant Zeelie en sersant Cox dan sou gedoen het, of vir my sou vergesel het of wat die posisie sou gewees het. Ek kan nie presies op hierdie stadium onthou nie, maar dit is vir my die logiese antwoord dat ons sou reël hoe ons die ding van stapel sal stuur.

Ja, en dit lyk vir my luitenant, dat daar geen moeilik- (20) heid gewees het, dit was ooglopend dat toe julle daar aankom sou jy saam met no.11 na sy vrou toe gaan om met haar te praat? — Dit was die hele doel van die besoek, was dat no.11 spesifiek met sy vrou praat oor die goed wat in die waenhuis versteek sou gewees het.

U sien, en ek stel dit aan jou dat ... (Hof kom tussembei).

DEUR DIE HOF: Tot op daardie stadium het hy nog enige kennis van soiets ontken? tot julle daar aangekom het? — Ja, voor die stadium wat ons daar aangekom het by sy perseël.

MNR. KUNY: En niks het gebeur wat sy besluit sou verander (30) het om nou te erken wat hy vantevore ontken het nie? — Ek kan

(N15)

nie sê dat daar iets spesifieks gebeur het wat hom sou van besluit laat verander het nie. Ek het 'n logiese afleiding gemaak van sy besluit om van sy storie af te wyk en vir ons na die punt te neem, die rapport te maak en na die punt te neem. Ek het my eie gevoelens omtrent die saak, maar dit is maar net 'n persoonlike mening.

Ja, maar op daardie stadium het jy gesê jy was nie besig om hom te ondervra nie? --- Nee, ek was nie.

Daar was geen dwang uitgeoefen nie? --- Daar was nie.

Daar was geen rede waarom hy skielik sy besluit sou (10) verander het en nou te erken wat hy vantevore ontken het nie? --- Daar mag miskien 'n verduideliking daarvoor wees, 'n rede daarvoor wees, 'n sielkundige rede daarvoor wees. Dit is al uitleg wat ek daarvoor het, die feit dat hy weer - terwyl hy by John Vorster Plein was was hy nie gekonfronteer met die vrou wat saam met hom gewoon het nie. Hy kon 'n storie vertel wat nie opgevolg kon word het nie, op daardie stadium, op die spesifieke stadium by John Vorster Plein, as gevolg van die feit dat die vrou by wie hy gebly het nie daar was om te korreleer nie. Maar met die aankoms op sy perseël het hy (20) geweet dat hy met sy vrou gekonfronteer gaan word binnekort. Ek weet nie of hy bewus was van die reaksie wat hy sou gekry het by haar nie. Dit is alles sielkundige faktore wat myns insiens kon bygedra het na hierdie besluit van hom, die feit dat hy nie verwag het dat ons hom weer na sy perseël toe sal vat, of dat hy gedink het ons hom moontlik net vir 'n endjie sal wegvat, onder die indruk dat hy na sy perseël toe gaan, met ander woorde dat ons hom probeer bluff of iets in daardie lyn.

Maar jy stem saam dat jy het wel vir hom meegedeel dat (30) julle hom na die perseël toe sou vat om met sy vrou te praat?

— Ja, dit is korrek.

So hy het gewest julle gaan reis vanaf John Vorster Plein na Alexandra, dat julle daarna toe gaan vir daardie rede? — Ek glo hy was oortuig daarvan gewees, maar aan die anderkant kon dit miskien 'n bluf gewees het van ons kant sodat hy kon gedink het ons gaan hom nou konfronteer met sy vrou, met die persoon by die huis, en dat sy met die storie sou uitkom.

En jy het ook vir hom gesê dat sy vrou ontken het dat sy enige kennis van die blik gehad het? — Dat sy vrou ...?

Dat sy ontken het? — Dit is korrek. (10)

So hy het alles gewest voordat julle daar aankom? — Ja, dit is korrek.

En ek stel dit aan jou dat jy kan geen rede gee behalwe die psigologiese rede wat jy nou aanvoer, vir die verandering van sy houding? — Geen ander rede nie, dit is al gevolgtrekking wat ek kon maak het.

So ek stel dit aan jou luitenant, dat wat wel gebeur het was dat die eerste ding wat jy inderdaad gedoen het was om sy vrou te gaan roep? — Nee, ek kan nie daarmee saamgaan nie. (20)

En haar na die kar toe gebring het? Want dit was by die kar dat hy met haar gepraat het, nie waar nie? — Dit was buitekant, ja.

By die kar? — Wel, in die nabye omgewing, ja.

Daar in die omgewing van die kar? — In die omgewing van die kar, ek sal nie sê spesifiek dat hy daar gesit het op daardie stadium nie en dat sy byvoorbeeld deur die venster-ruit met hom gesels het nie, maar dit was in die omgewing van die kar.

Ja, en ek stel dit aan jou dat dit was die eerste ding (30) wat julle gedoen het, sy het uitgekom saam met 'n kind, is dit

korrek? — Ek het die aand 'n kind gesien, ek kan nie spesifiek onthou of sy die kind by haar gehad het nie. Daar was meer as een kind sover ek kan onthou.

En hy was dan daar om met haar te praat, en hy het met haar gepraat? — Hy het met haar gepraat maar dit is slegs nadat hy vir my na die garage toe geneem het en 'n sekere punt uitgewys het. Nadat beskuldigde no.11 die rapport aan my gemaak het het ek geen meer belang gehad op daardie spesifieke stadium in sy vrou nie. Die man het 'n rapport aan my gemaak wat vir my redelik belangrik was. Ek het die sleutel (10) van die waenhuis gehad en dit was nie vir my nodig om weer na sy vrou toe te gaan nie, want ek het na die eerste besoek het ek besluit om die sleutel by my te hou vir geval ons weer na die garage toe sou wou gegaan het. En as gevolg daarvan was dit nie vir my nodig om weer na sy vrou toe te gaan nie, want daar was geen ander belang op daardie stadium nie. Die man het 'n rapport gemaak wat ek opgevolg het.

Nee, maar luitenant, hoe kan jy dit sê. Die belang op daardie stadium was om daardie blik met vuurwapens te vind? Dit was die belangrikste ding? — Dit was inderdaad. (20)

En jy het vermoed dat sy wel inligting kon gehad het van waar daardie blik sou gewees het? — Dit is korrek.

Nou hoe kan jy dan sê dat jy geen belang in die vrou op daardie stadium gehad het nie? — Dit is inderdaad wat ek gesê het, dat ek die persoon wat saam met beskuldigde no.11 in die huis gewoon het op daardie spesifieke stadium nadat ek 'n rapport ontvang het van beskuldigde no.11, dat ek nie op daardie onmiddellike stadium belang by haar gehad het nie. Daarna was my belangrike punt om net die inligting te korreleer en te sien. Beskuldigde no.11, die vrou wat by hom (30) ingewoon het sou nie weggehardloop het nie. Ek was absoluut oortuig/...

oortuig daarvan. Ek sou wel by haar kon uitgekóm het. In 'n kwessie van seker vyf minute sou sy nie kon weggehardloop het nie.

Maar sy was die enigste persoon op daardie perseël wat miskien julle kon help om daardie blik te vind? Of sou weet waarnatoe die blik verwyder was? — Die enigste persoon op die perseël?

Ja? — Ja, wat daar — nadat beskuldigde no.11 gearresteer is, U Edele.

Ja, so sy was op daardie stadium 'n baie belangrike (10) persoon in julle ondersoek? — Sy was absoluut.

Ja, en daarvoor sou julle onmiddellik na haar toe gegaan het om haar te gaan haal om met no.11 te praat? — Nee, U Edele ... (tussenbei):

Nie 'n erkenning van no.11 kry dat hy wel van die blik of vuurwapens wat daar was gewest het? — Nee, ek volstaan by my vroeëre stelling dat op daardie stadium nadat ek 'n rapport van beskuldigde no.11 ontvang het (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: En hy gesê het hy erken van die vuurwapens? — Ja, en die inhoud daarvan, en dat dit in sy teenwoordig- (20) heid daar geplaas is deur een van die ander beskuldigdes, was my reaksie om onmiddellik na die waenhuis te gaan om te sien waar hy die goed sou uitwys. Alhoewel ons die spesifieke waenhuis vroeër die aand sover dit my aangaan redelik deeglik deursoek het, kon daar 'n moontlikheid bestaan het dat dit wel nog in die waenhuis kon gewees het. Daar was 'n voertuig in die garage geparkeer, in die waenhuis, wat ons nie kon verwyder het nie. Dit is 'n waenhuis wat van "corrugated iron" gemaak is. Dit is redelik klein. Aan die voorkant en aan die sykante, aan die linker sykant is daar rakke vir gereed- (30) skap en allerhande goed, daar was byvoorbeeld motoronderdele en/...

en daardie tipe ding. Daar was nie eers plek om voor om die motor te stap nie, U Edede. Ons moes byvoorbeeld oor die voorkant van die motor gegly het om van die regterkant om by die linkerkant uit te kom. Daar was ontsettend baie rommel gewees in die spesifieke waenhuis. Dit kon gewees het dat die goed op 'n latere stadium weer van die punt wat no.3 uitgewys het verwyder is na moontlik 'n ander punt in dieselfde waenhuis.

MNR. KUNY:

Maar jy het gesê dat jy die sleutel by jou gehou het? Jy was die enigste persoon wat die sleutel gehad het? --- Dit(10) is korrek.

Hoe kon dit gewees het? --- Nee, ek bedoel nie die spesifieke nag nie. Ek bedoel op 'n tydstip voor beskuldigde no.11 se arrestasie en na die spesifieke tyd wat hy en no.3 die goed daar sou gebêre het.

Nee maar luitenant kyk, daardie aand was julle eers daar met no.3? --- Dit is korrek.

En hy het 'n sekere plek aan julle uitgewys maar daar was geen blik daar nie? --- Daar was geen blik daar nie.

En jy het al gesê dat julle daardie waenhuis deeglik (20) deursoek het, die drie van julle? --- Dit is korrek, ek het vroeër gesê ... (tussenbei).

En julle kon geen blik vind nie? --- Ja, sover dit my aangaan het ons dit deeglik deursoek.

Ja, en jy het die waenhuis toegesluit en jy het die sleutel by jou gehou? --- Dit is korrek.

So toe julle weer 'n paar uur later daarheen teruggegaan het, was daar geen moontlikheid dat die blik kon daar geplaas gewees het? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Verskuif gewees het?

(30)

MNR. KUNY: Wel, kon weer teruggesit word? --- (Hof kom tussenbei)./...

tussenbei).

DEUR DIE HOF: Nee, nee, ek dink ... (tussenbei).

MNR. KUNY: Die blik was nie daar nie toe julle eers ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: So iemand kon hom nie in die garage ingekry het nie want die deur was nou toegesluit, ons neem maar aan dit is die enigste sleutel vir die deur. Maar wat die getuie sê is dat voor hy die sleutel gevat het en nadat beskuldigde no.3 geweet het waar die blik is, voor daardie tyd kon hulle daardie blik op 'n ander plek in die garage gesit het. Dit is (10) wat hy sê. Is dit reg? — (Mnr. Kuny kom tussenbei).

MNR. KUNY: Ja, ja, ek verstaan nou, maar wat ek aan jou stel is dat (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Is dit reg, luitenant? — Dit is korrek.

MNR. KUNY: Wat ek aan jou stel is dat jy daardie hele waenhuis deeglik deursoek het en geen blik gevind het nie? — Dit is korrek, met my eerste besoek was dit my - die grootste belang op daardie stadium was om die blik met die vuurwapens in die hande te kry, en as gevolg daarvan het ek sover dit my aangaan, ek en die twee mense wat saam met my was die waenhuis (20) deeglik deursoek.

Ja, en daar was niks gevind nie? — Ja, dit was 'n moeilike taak gewees maar ons het na die beste van ons vermoë die plek deursoek, maar die blik is nie gevind nie.

Ja, julle het aldrie flitsligte gehad? — Ja, dit is korrek.

En die blik is nie gevind nie en jy het toe die waenhuis gesluit en die sleutel by jou gehou? — Dit is korrek.

Nou wat ek aan jou stel is dat toe julle weer terug na die perseël gaan was daar geen rede om weer na daardie waen- (30) huis te gaan en dit weer te deursoek, want die blik was nie daar /...

daar nie, en niemand kan dit intussentyd daar geplaas het nie?

— U Edele, ek kan nie heeltemal daarmee volstaan nie, want sover dit my aangaan was daar - ek het al huise in Soweto deursoek wat 'n mens na 'n spesifieke ding soek, waar ons 'n hele span na 'n plek toe gaan, en die plek redelik deeglik deursoek, en met 'n terugkeer, met 'n volgende besoek, dan word dieselfde - word die ding waarna gesoek is word by eers gevind. So tussen die rommel en goed sou daar 'n skrale moontlikheid bestaan dat die goed wel iewers anders versteek kon gewees het. Daar was inderdaad redelike swaar goed in (10) die waenhuis, byvoorbeeld motoronderdele en so aan. Die plek waar die blik aanvanklik versteek was was onder 'n klomp rommel gewees. So ek aanvaar dat sou dit moontlik weer 'n tweede keer versteek gewees het sou dit ook onder 'n klomp rommel weggesteek gewees het maar sover dit my aangaan, ek was tevrede gewees na die eerste besoek dat ons nie die blik in die garage kon vind nie.

Ja, u sien, no.11 beskuldigde ontken dat julle hom na die garage toe geneem het om enige plek uit te wys en dat hy enige plek aan julle uitgewys het? — Ek volstaan daarby. (20)

Is dit korrek dat dat hy aan julle vertel het dat daar net sekere persone was wat toegang na daardie waenhuis gehad het? — Dit is korrek.

Sy vrou, en ... (tussenbei)... — Ja, die persoon wat by hom ingebly het, ja.

En One Night? — Ja, hyself natuurlik, die persoon wat toegang tot - die persoon wat saam met hom gewoon het, die vrou in sy huis, en 'n persoon met die naam van One Night, 'n man met die naam van Freddie.

Daardie is die twee persone waarvan hy melding gemaak (30) het? — Ja, dit is homself uitgesluit.

Ja, daar was drie van hulle, homself, sy vrou en One Night? --- Dit is korrek.

DEUR DIE HOF: Wat van beskuldigde no.3?

MNR. KUNY: En was dit ... (tussenbei).. --- Nee, U Edele, beskuldigde no.3 ... (tussenbei).

DEUR DIE HOF: Nee, dit is reg, hy het beken dit is die persone wat geweet het van die ding.

MNR. KUNY: Hy het nie gesê dat beskuldigde no.3 toegang tot daardie waenhuis het nie? --- Nee, hy het nie so gesê nie.

En het hy hierdie inligting aan jou gegee op die tyd(10) dat hy gesê het dat hy julle na One Night se huis toe sal neem? --- Dit is moontlik dat hy dit op daardie stadium - ja, dat hy dit toe aan ons gegee het.

Dit was nadat hy met sy vrou gepraat het? --- Ja, dit is nadat hy met sy vrou gepraat het, en sy vrou redelik moeilik was na hierdie gesprek.

Wat bedoel jy redelik moeilik? --- In die sin dat sy baie ongesteld was deur hierdie spesifieke operasietjie, die gebeurtenisse daardie aand, dat ons vir haar kon vra het oor die spesifieke blik met sy inhoud wat daar - oor die blik wat(20) daar weggesteek sou gewees het. Sy het - hy het toe vir haar gevra na die blik en sy wou niks daarmee te doen gehad het nie.

En moes hy haar weer vra en weer vra voordat sy die inligting wou gee? --- Watter inligting is dit?

Waar die blik, waamatoe die blik verwyder was? --- Nee, sy het vir hom geen inligting gegee nie omtrent die blik.

Jy sê dit was nadat hy met haar gepraat het dat hy julle na One Night toe geneem het? Nie waar nie? --- Dit is korrek, dat hy vir ons na - ek dink dit was 9de - na One Night se huis toe geneem het, dit is reg. (30)

En waar was julle op daardie stadium gewees toe hy met

haar gepraat het? — Ons was by hulle gewees.

Maar nie binne hulle - binne sig maar jy kon nie hoor wat hulle praat nie? — U Edele, ek het spesifiek opdrag gegee aangesien ons nie 'n tolk by hulle gehad het nie, nie een van die vier mense wat op daardie perseël was kon enige Bantoe tale verstaan nie, en ek het vir hom opdrag gegee dat indien hy met sy vrou praat hy of in Engels of in Afrikaans met haar sou praat, sodat ons dit kon verstaan, andersins kon daar moontlik waardevolle inligting verlore gegaan het. So ek het my vergewis of het in die nabyheid gestaan van waar (10) hulle gepraat het om te sorg dat hulle nie Bantoetaal met mekaar praat nie.

DEUR DIE HOF: In elk geval, jy sê sy vrou het nie enige inligting oor die blik verstrek hoegenaamd nie? — Nee, U Edele, sy het - om die waarheid te sê sy was ontsettend moeilik oor die hele aangeleentheid gewees. Die indruk wat ek gekry het was dat sy haarself heeltemal wou distansieër van hierdie - van die hele aangeleentheid.

MNR. KUNY: Maar dit was haar houding toe julle met haar praat, nie waar nie, op die eerste instansie? — Dit was tydens (20) ons gesels vroeër die aand, was dit ook haar houding gewees.

Ja, maar dit was nie haar houding toe no.11 met haar gepraat het nie? — Dit is die indruk wat ek definitief gekry het, U Edele, dat ... (tussenbei).

Ja, miskien was jou indruk verkeerd? Want dit was van haar dat hy inligting gekry het van One Night se huis, en daarna die inligting aan julle verskaf het? — Ek sou nie volstaan daarmee nie, U Edele. Die rede waarom ons inderdaad na One Night se huis toe is is omdat beskuldigde no.11 vir ons gesê het dat daar drie mense is wat toegang het tot sy (30) waenhuis. Eerstens was dit hyself, tweedens was dit die vrou wat by/...

wat by hom ingewoon het, en derdens was dit One Night gewees wat toegang daartoe gehad het. Dit was eintlik 'n groot waagstuk of 'n groot kans wat ons gevat het om na hom toe te gaan. Dit was eintlik as't ware die laaste strooi in die katting, omdat ons die - die blik nie daar was nie, ons het ons vergewis dat dit nie daar was nie, U Edele. Die vrou wat saam met beskuldigde no.11 gewoon het het absolute kennis van die aangeleentheid ontken en die enigste uitweg daarna was om na One Night toe te gaan, die laaste persoon van die drie wat inderdaad toegang tot daardie waenhuis gehad het. (10)

Maar het jy dan vir no.11 gevra om julle na One Night se plek toe te neem? --- Ek het gevra.

En hy het dit gedoen? --- Hy het dit gedoen.

Wel, ek het dit al aan jou gestel luitenant, dat no.11 ontken dat hy enige plek aan jou uitgewys het en hy sê dat hy het ook geen erkenning van die aard wat jy melding gemaak het aan julle gemaak het? --- Ek volstaan by my vorige getuienis, dat dit wel gebeur het.

Dit is slegs nadat hy met sy vrou gepraat het dat hy julle na One Night se plek toe geneem het? --- Dit is inder- (20 daad so, dit is nadat hy met die vrou wat by hom inwoon gepraat het dat hy ons soontoe geneem het. Dit is inderdaad so, hy het eers met die vrou gepraat en daarna is ons na One Night se plek toe.

En hy sê dat baie kort nadat julle by die perseël aangekom het het julle - of jy, ek weet nie wie dit was nie, sy vrou gaan haal en haar in die omgewing van die motor gebring waar hy met haar gepraat het? --- Sy het met hom gepraat op 'n stadium nadat hy die rapport aan my gemaak het as gevolg waarvan ons vir 'n tweede keer die spesifieke nag die waen- (30 huis besoek het. Dit was eers na dit, na hierdie gebeurtenis,

wat by hom ingewoon het, en derdens was dit One Night gewees wat toegang daartoe gehad het. Dit was eintlik 'n groot waagstuk of 'n groot kans wat ons gevat het om na hom toe te gaan. Dit was eintlik as't ware die laaste strooi in die katting, omdat ons die - die blik nie daar was nie, ons het ons vergewis dat dit nie daar was nie, U Edele. Die vrou wat saam met beskuldigde no.11 gewoon het het absolute kennis van die aangeleentheid ontken en die enigste uitweg daarna was om na One Night toe te gaan, die laaste persoon van die drie wat inderdaad toegang tot daardie waenhuis gehad het. (10)

Maar het jy dan vir no.11 gevra om julle na One Night se plek toe te neem? — Ek het gevra.

En hy het dit gedoen? — Hy het dit gedoen.

Wel, ek het dit al aan jou gestel luitenant, dat no.11 ontken dat hy enige plek aan jou uitgewys het en hy sê dat hy het ook geen erkenning van die aard wat jy melding gemaak het aan julle gemaak het? — Ek volstaan by my vorige getuienis, dat dit wel gebeur het.

Dit is slegs nadat hy met sy vrou gepraat het dat hy julle na One Night se plek toe geneem het? — Dit is inder- (20) daad so, dit is nadat hy met die vrou wat by hom inwoon gepraat het dat hy ons soontoe geneem het. Dit is inderdaad so, hy het eers met die vrou gepraat en daarna is ons na One Night se plek toe.

En hy sê dat baie kort nadat julle by die perseël aangekom het het julle - of jy, ek weet nie wie dit was nie, sy vrou gaan haal en haar in die omgewing van die motor gebring waar hy met haar gepraat het? — Sy het met hom gepraat op 'n stadium nadat hy die rapport aan my gemaak het as gevolg waarvan ons vir 'n tweede keer die spesifieke nag die waen- (30) huis besoek het. Dit was eers na dit, na hierdie gebeurtenis,

dat ek toegelaat het dat sy met hom kon praat. As gevolg van die feit dat hy dieselfde plek uitgewys het en dieselfde punt in die waenhuis, en ons dus tevrede was dat die vuurwapens nie daar was nie, en soos ek vroeër vir U Edele gesê het, die feit dat sy moontlik dan vir ons geïnk het op die vorige besoek het ek 'n beroep op hom gedoen dat hy met sy vrou kan praat om te hoor wie die goed sou kon verwyder het. Dit is met 'n besoek aan One Night se huis waar ons die goed gekry het, het ons weer vir 'n derde keer die spesifieke nag teruggekeer na die huis, en as gevolg daarvan (10) het ons na die blik gesoek. Ons het eers die vuurwapens gevind en daarna die blik, omdat ek die blik ook as deel van die bewysstuk op daardie stadium beskou het omdat dit so ter sprake was, wou ek ook bitter graag die blik weer terugkry. En dit is eers nadat ons die vuurwapens asook die chemikalieë by Japie Nonjane se huis gekry het wat ons teruggekeer het na die perseël toe en as gevolg van sekere inligting het ons teruggekeer soontoe, en het die vrou wat by beskuldigde no. 11 inwoon ons na 'n sloot in 8ste Laan, Alexandra, geneem en die blik vir ons uitgewys. (20)

Ek het geen verdere vrae nie.

DEUR DIE HOF: Sê vir my luitenant, al die verklarings wat deur die persone gemaak is, is dit vrywilliglik gemaak? — U Edele, daar was absoluut geen dwang op die mense uitgeoefenis, geen onbehoorlike beïnvloeding nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. DONEN: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

DIE HOF HERROEP:

GERHARDUS HJDOLPH BRITS v.o.e.

DEUR DIE HOF: Konstabel, nadat u getuienis afgelê het het ons na 'n Landrover gekyk wat nou hier agter in die agter perseël (30) van die/...

van die hof staan. Het u hom gesien miskien of nie? --- Nee, ek het hom nog nie gesien nie, U Edele.

Toe julle die betrokke dag, dit is nou die 30e November die oggend, met die Landrover gery het nou van Bordergate na Komatipoort toe wat jy ons van vertel het, wat u ons van vertel het, ek wil hê u moet u gedagtes terugvat soontoe as u dit kan onthou, die betrokke Landrover, is u die enigste een wat daardie voertuig gebruik het, of het ander mense hom ook gebruik? --- Nee, ander mense het hom ook gebruik.

Toe u hom die oggend gevat het, weet u wie het hom voor (10) u gebruik, of het u hom self voor die geleentheid gebruik? --- Nee, ek het hom self die vorige dag gebruik, U Edele.

U sê vandat u hom die vorige dag gebruik het tot u hom die oggend weer gebruik het, het niemand anders hom gebruik nie? --- Niemand anders nie.

Was die Landrover nog 'n betreklike nuwe motor of was dit 'n ouerige motor? --- Nee, dit was 'n betreklike nuwe een.

Ons het gister gekyk na wat beweer word dieselfde soort van Landrover sodat ons kan verstaan hoe die ding lyk, en agter in die Landrover is daar nou die drie vensters, die (20) twee ovaalvormiges aan die kant en dan die lang reghoekige venster in die middel van die agterkant van die kajuit? --- Dit is reg.

Nou wil ek hê u moet dink aan spesifiek hierdie lang reghoekige venster waarvan ons nou praat. Ons het gesien dat aan die glaspaneel in die venster is daar so 'n knip wat 'n mens moet werk om daardie glas heen en weer te skuif? --- Dit is reg.

En as jy binne in die kajuit is moet jy die knip werk om die venster glaspaneel heen en weer te kan skuif? --- Dit (30) is reg.

Met ander /...

Met ander woorde die glas, as die knip werk, kan nie van buitekant af geskuif word nie, hy moet van binnekant af geskuif word? — Dit is reg, hy moet van binne af oopgemaak word, U Edele.

Nou die eerste vraag kan u onthou die dag op die tersaaklike tyd daar toe die ontploffing plaasgevind het, of daardie reghoekige venster daar agter oop of toe was, en as u nie weet nie moet u dit vir my sê? — Nee, hy was toe gewees.

Was hy toe gewees? — Hy was toe gewees.

En daardie knippe wat 'n mens moet werk om hom oop en (10) toe te skuif, was daardie knippe in werkende kondisie of was hulle stukkend of wat? — Nee, hulle was in werkende kondisie maar hulle het swaar oopgemaak.

Met ander woorde u sê dat daardie venster was toe? — Hy was toe gewees.

En die knippe het reg gewerk? — Hy het reg gewerk, hy het net swaar oopgemaak.

Met ander woorde u sê positief dat daardie venster kon nie van buitekant af oopgemaak word nie? — Nee, hy kon nie van buite nie, net van binne af. (20)

Kan u onthou of u daardie betrokke oggend aan die agterste venster gewerk het of nie? — Nee, ek het geensins aan die agterste venster gewerk die oggend nie.

Toe u ingeklim het toe het u gesien hy is toe? — Hy was nog toe gewees.

En u sien, is daar nie 'n moontlikheid dat daar van die polisie se plofstowwe of goed in daardie motor kon gewees het nie? — Nee, ons mag nie plofstof vervoer nie.

En u het ook nie daardie dag plofstof gehad nie? — Nee, ek het nie plofstof gehad nie. (30)

Nou die ontploffing wat toe plaasgevind het waarvan jy

ons/...

ons vertel het, kan jy met verhouding tot u liggaam vir ons aandui presies waar die ontploffing soos u agter die stuurwiel gesit het plaasgevind het? — Net hier langs my linkerkant ontplof.

Jy wys so langs jou linkerboud? — Dit is reg.

En was dit nog op die sitplek? — Dit was op die sitplek gewees, U Edele.

En u sê u weet nie hoe die item wat daar ontplof het daar gekom het nie? — Nee, ek weet nie.

Ons het ook gekyk na die voertuig gister. Nou as 'n man (10) nou 'n reguit lyn sou trek, u het vir ons gesê die venster aan u kant was oop, as 'n mens 'n reguit lyn sou trek van die agterkant van daardie venster, volg u wat ek meen? — Ek volg.

Reguit deur die kajuit na die agterkant van die anderkantste venster, dan daardie reguit lyn sou dan deur die agterkant van u kop sny? Verstaan u wat ek meen? — Kan u net weer verduidelik asseblief?

Dink u nou in u sit nou in die voertuig agter die stuurwiel. Langs u is die venster oop. As 'n mens nou laat ons nou maar sê 'n lyn sou vat en jy kan hom hier teen die deur (20) hou, aan die agterkant van die deur, volg u die punt wat ek meen? — Ja.

En as 'n mens daardie lyn reguit trek deur die kajuit, na dieselfde punt aan die anderkantste deur, dan sou daardie lyn u kop raak of deur u kop moet gaan, verstaan u? — Ja, ek verstaan, U Edele.

Is dit reg so? — Dit is reg so.

Dan is daar die ander vraag wat ek vir u wou vra. U het nie op enige stadium iets aan u regterkant by die venster gesien nie? — Op geen stadium nie. (30)

En ek weet nie of ons dit gister op rekord geplaas het nie,

maar/...

maar ons het gekyk, een van die offisiere het daar gesit agter die stuurwiel, dan as die sitplek vorentoe skuif dan kom die rugstuk nie ook vorentoe nie? Is dit reg? — Ek is nie seker daarvan nie.

Neem nou maar aan dat dit is so, as u met u rug teen die leuning sou sit, dan sal die agterkant van u kop tot die agterste deel van die bak, sou daar 'n spasie wees van ongeveer en dink ons het gister gesê 6 of 7 duim? — Dit is reg.

Maar daardie spasie sal geneem van die metaaldeel wat hier by die kant is wat ons gemeet het is omtrent 5 duim, (10) teenoor daardie metaalgedeelte wees in reghoekige houding met die kajuit? — Ja.

Dan konstabel, wat ek vir u ook wil vra, daar waar julle die vier persone opgelaai het, was hulle vier in 'n groep van die plek waar julle hulle gekry het loop en op die Land-rover geklim het? — Nee, hulle het een-een opgeklim.

Maar ek neem aan daar was nie enigeen van hulle wat op daardie stadium naby die kajuit was nie? — Nee, geeneen van hulle was naby die kajuit nie.

En toe u daar stilgehou het voor u nou omgedraai het, (20) het u regoor hulle stilgehou, teenoor hulle, of 'n bietjie by hulle verby gery of 'n bietjie voor hulle stilgehou? Kan u dit onthou? — Ek het net effens verby gery en toe links gedraai met die neus van die voertuig na hulle toe.

Dan het die sersant Khoza vir ons gesê dat op 'n stadium het hy met u gepraat en toe het u geantwoord en gesê "wat sê jy" of soiets? Kan u onthou dat daar so 'n voorval was? — Ek het niks gehoor wat hy met my gepraat het nie, U Edele.

Maar kan u - want sy getuienis is eintlik dat hy met u gepraat het en dat u nie gehoor het wat hy sê nie, en dat u (30) toe gesê het "wat sê jy" of soiets? — Ek kan nie onthou dat

ek met/...

ek met hom gepraat het nie.

En dan het u vir ons gesê dat op 'n stadium het u die beweging hier agter die reghoekige venster gesien wat ons nou van gepraat het? Kan u miskien daardie beweging vir ons nader beskrywe? --- Dit was net 'n beweging in die truspieël gewees, U Edele, iemand het vorentoe beweeg.

O, u het dit in u truspieël gesien? --- Dit is reg. Op daardie stadium het ek in die truspieël gekyk en toe sien ek iemand beweeg net vorentoe.

So u het die beweging daar gesien? --- Dit is reg. (10)

